**Dinsdag 3 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 19:1-10; HK Sondag 11, Vraag 29**
**Fokusgedeelte: Lukas 19:10**

## Jesus verlos ons van sonde

Wat beteken dit in die praktyk om deur Jesus van sondes te verlos te word? Om dit te kan verstaan, moet ons ’n konkrete geval waarin dit geopenbaar word, onder oë neem. Ons kyk na die lewe van Saggeus, die tollenaar in Jerigo.

Saggeus was ’n man wat deur diefstal en afpersing ryk geword het. As rykdom ware geluk in ’n mens se lewe kon bring, moes hy baie gelukkig gewees het. Uit sy hele optrede is dit egter duidelik dat hy nie gelukkig was nie. Dit is asof hy te midde van sy rykdom aan aardse skatte onder die indruk van sy innerlike armoede gekom het. Die bande van die sonde knel hom. Sy volk noem hom met eenstemmige veragting “’n sondige man”.

Nou sou dit op sigself nie so erg gewees het as hy innerlik rustig was en oortuig was dat hy goed lewe nie. Dit is egter nou juis nie die geval nie. Hy weet maar alte goed hoe hy mense bedrieg en beroof, en dit hinder hom. Dit blyk daaruit dat hy later self van sy afpersing van mense praat (vs 8). Miskien wou hy al breek met sy sondige lewe, maar hy kon nog net nie die knoop deurhak nie.

Dan hoor hy van Jesus wat sulke wonderlike dinge doen en sê en soveel geluk in die lewens van mense bring. As Jesus dan in Jerigo kom, doen hy besondere moeite om Hom te sien. Dan gebeur die wonderlike ook: Toe Jesus hom roep waar hy in die boom sit en daarna by hom tuisgaan en met hom praat – toe breek die hart van hierdie sondige mens. Hy staan op en ten aanhore van almal bely hy sy sonde en sy geloof in Jesus as Verlosser.

Toe Jesus in sy lewe inkom, was dit asof die sondekettings dadelik van hom afval. Die geldduiwel wyk uit sy lewe. Geld is nie meer sy god nie. Daarom sê hy ook dat hy die helfte van sy goed aan die armes gaan gee en vierdubbel gaan teruggee aan dié wat hy afgepers het.

In die lewe van Saggeus het Jesus getoon dat Hy werklik is wat sy Naam beteken: Verlosser, Saligmaker. Hy bring geluk en vreugde omdat Hy mense van sonde verlos. Jesus Self bevestig hierdie verlossende werk van Hom in die lewe van Saggeus as Hy sê: “*Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is*.” Om te red deur te verlos van sonde – dit is wat Jesus kom doen het en inderdaad gedoen het, ook in die lewe van Saggeus. Daarom is Hy die Verlosser. Daarom is sy Naam Jesus.